

KLIMAATSVOORUITSIGTE

vir die lente en somer

Blad sy

05

Geskryf Deur:
Johan van den Berg

GALA 2025:

*Erkenning aan uitnemendheid
in die rosynebedryf*

Blad sy

22

Geskryf Deur:
Chantelle Kotze, Raisins SA

'N BLINK TOEKOMS


*in die rosyntjiedryf saam
met Nedbank*

Blad sy

27

Geskryf Deur:
Nedbank

IN DIE UITGAWE:



Bot en Blom Velddag,
Olifantsrivier

Blad sy

02



Symposium
Advertensie

Blad sy

29

CONTENT DISCLAIMER AND WAIVER

All information obtained from authors and/or various role players within the sector was done and compelled by the various entities as cited under each article. This is the opinion of the various authors, as indicated. Raisins SA cannot be held liable for any misleading and/or faulty data.

It is however the responsibility of Raisins SA to evaluate the quality and/or accuracy of all content published to ensure that all role players obtain the most accurate and latest studies and/or news within the sector, while taking account the author's right to freedom of speech. As Raisins SA is not the author of all the content, Raisins SA will not accept any liability with regards to published articles/statistics/data analysis and/or any other related data/factual article published.

Raisins SA would also like to emphasize that all information received and/or sent will be utilized for the intended purpose and protected in terms of the POPIA Act.

Voorwoord

Raisins SA en VAMF besoek produsente en verpakkingsmaatskappye in Turkye

*Turkye se uitvoer van droë duiwe
het in die 2024/25-bemarkingsjaar
tot 'n 25-jaar laagtepunt gedaal.*

Van 1 September 2024 tot 31 Augustus 2025 is slegs 153 593 ton rosyne uitgevoer – die laagste sedert 1999. Tog het uitvoerinkomste USD 546,5 miljoen (~R9,8 miljard teen R17,9/\$) beloop, hoër as die vorige seisoen se R8,8 miljard uit 207 000 ton. Gewoonlik voer Turkye sowat 350 000 ton per jaar uit. Die Turkse Graanraad (TMO) het onverwags vanjaar ingegryp toe pryse tot 120 Turkse Lira/kg gestyg het. Hoë pryse in Turkye het veroorsaak dat produsente groot volumes na die mark gebring het, wat weer 'n skerp daling in plaaslike pryse veroorsaak het. Volgens verwerkers in Turkye kan die uitbreiding van lisensies vir verpakkingsaanlegte help om pryse meer stabiel te hou.



Turkye het vroeg in die seisoen (10 April) baie erge rypskade ervaar wat oes nadelig beïnvloed het, na 'n oorspronlike goeie begin van die seisoen.

In die week van 29 September het ek en Stefan Jordaan (VAMF), Özgür Foods besoek, wat alleen sowat 55 000 ton van die normale Turkse rosyne-oes verpak. Ons het die Suid-Afrikaanse waardeketting met Turkye se'n vergelyk. Suid-Afrika vaar egter beter wat opbrengs per hektaar betref. Turkye het sowat 50 000 produsente teenoor Suid-Afrika se 773. Die gemiddelde Turkse produsent lewer 3–4 ton per jaar per ha, teenoor Suid-Afrika se 6,4 ton per ha. Turkse produsente gebruik meestal 'n regop peroldstyl preeelstelsel en produseer hoofsaaklik SA Sultanas (geloog) met mindere mate Thompsons (Natuurlike sondroog) tipe.



Foto:

Semsettin Özgür en sy personeel saam met Wessel Lemmer en Stefan Jordaen.

–Manisa, İzmir, Turkye

Hoewel Suid-Afrika Turkye dikwels as sy grootste mededinger in die VK en EU beskou, meen die Turkse bedryf dat albei lande in die toekoms groter bedreigings van goedkoop Chinese rosyne in die gesig gaan staar. In die EU- en VK-bakkermark weeg prys swaarder as kwaliteit of lojaliteit. Dit is in beide lande se belang om die verbruik van rosyne uit Suid-Afrika en Turkye in ons tradisionele markte te bevorder, EU- en VK-reguleringsdruk die hoof te bied en sterker te kompeteer teen goedkoop invoere uit China.



Met waardering,

Wessel Lemmer

Inhoud

NAVORSING & ONTWIKKELING

02. Bot en Blom Velddag, Olifantsrivier >

05. Klimaatsvooruitsigte
vir die lente en somer >

MARKTOEGANG, INTELLIGENSIE & ONTWIKKELING

11. Die VSA stel 30% heffing
op SA rosyne >

12. Olifantsrivier kartering >

TRANSFORMASIE

15. Jeugdag Sokkertoernooi >

17. Elderly Project Mandela Dag >

19. ABSA Finansiële Opleiding >

INLIGTING & KOMMUNIKASIE

21. Kantoornuus >

22. Gala 2025 -
Erkenning aan uitnemendheid
in die rosynebedryf >

27. 'n Blink toekoms in die
rosyntjiebedryf saam met
Nedbank >

29. Simposium >

32. Carrot cake with raisins >

34. Kalender >



Navorsing & Ontwikkeling

Bot en Blom Velddag, *Olifantsrivier*

*Geskryf Deur: Chantelle Kotze, Raisins SA in
samewering met Dawid Hayes, VAMF*

*Op 9 September 2025 is 'n velddag by
Pierre van Heerden se plaas, Lushof, in die
Olifantsrivierstreek gehou. Produsente
het saamgetrek om kernaspekte van
wingerdbestuur rondom bot en blom te
bespreek.*



Lowerbestuur: Die rol van Tip en Top

Die eerste sessie het gefokus op lote- en lowerbestuur.

Tip:

Die verwydering van 2–5 cm van die groeipunt op 'n weghardlooploot, met die doel om apikale kompetisie te verminder en groei terug te allokeer na agterste lote.

Top:

'n Meer drastiese ingryping waar 15–50 cm van die loot verwyder word.

Volgens die aanbieders is vroeë tip die voorkeurpraktyk. Indien dit te laat toegepas word, is daar reeds te veel reserwes opgebruik, wat uiteindelik groeiverlies en oneweredige lote tot gevolg het. Praktiese voorbeelde en skematiese illustrasies het die konsep duidelik gemaak.



Profielgate: Die waarheid onder die grond

Profielgate bly die mees betroubare hulpmiddel om wortelontwikkeling, vogstatus en grondstruktuur te evalueer. Produsente kon eerstephonds sien hoe 'n gesonde profiel verspreiding van dik en dun wortels, asook aktiewe witwortelvorming toon.

Kernboodskappe:

- Te nat grond beperk suurstof en hou die grondtemperatuur laag, wat lote-groei benadeel.
- Vogvoorsiening moet reeds twee weke voor blom voldoende wees.
- Soute wat in die winter rondom wortels opgehoop het, moet teen blom uitgewas word.
- Probes bied waardevolle aanvulling, maar profielgate dien as die kalibrasie van die data.



Bemesting: Tydsberekening en kalsium

Bemestingspraktyke moet altyd gegrond wees op blokgeskiedenis, produksieskatting en grond- en blaarontledings. Produsente is herinner dat kalsium 'n deurslaggewende rol speel tussen bot en ertjekorrel. Conradie (1980) dui aan dat tot 64% van die tros se kalsiumbehoefte in hierdie fase opgeneem word.

Daar is ook klem gelê op:

- Tydige toediening, om uitspoeling te voorkom.
- Aandag aan groeikrag en klimaatstoestande.
- Die rol van na-oes bemesting in die gesondheid van die stok gedurende die rusfase.

Besproeiing: Balans tussen water en suurstof

Besproeiing moet bestuur word volgens verdamping, temperatuur en gewasbehoefte, met profielgate as verifikasie. Oorversadigde gronde lei tot dieselfde simptome as droogtestres, weens suurstoftekorte. Dekgewasse soos weiwieke en radyse kan verskeie voordele bied:

- Verbeterde grondstruktuur en organiese materiaal
- Beperking van verdigting en onkruid
- Gematigde grondtemperatuur
- Habitat vir natuurlike vyande

Tog moet produsente bewus wees dat dekgewasse self water en voeding gebruik, en dus in kompetisie kan tree met wingerde – veral in die somer.



Bestuur van afspeen

Verskeie praktyke is bespreek:

- Puntverwydering tydens blom verbeter set in die onderste trosdele.
- Skouerbewerking (verkorting van laterale) bevorder set in die boonste trosdele.
- Tip tydens blom het volgens produsente goeie resultate gelewer.

Die gebruik van CPPU (Forchlorfenuron), 'n sintetiese sitokien, kan set en korrelgrootte verbeter. Tog is verkeerde tydsberekening riskant, aangesien dit bokhaarkorrels en swak gehalte kan veroorsaak.

Blaasoppies en droogbane

Blaasoppies is 'n algemene uitdaging tydens rosyntjiedroging in warm toestande. Produsente het ervarings gedeel en dit was duidelik dat gute ventilasie op droogbane krities is vir kwaliteit.

Wat sanitering betref, is waterstofperoksied steeds die mees koste-effektiewe en betroubare opsie. Tog is alternatiewe produkte soos Hypercide en Elizitor in toetsfase en toon potensiaal.

Samevatting

Die dag se waarnemings en gesprekke het bevestig dat vroegtydige en deeglike praktyke bepalend is vir suksesvolle produksie. Produsente is ook ingelig oor die nuwe Wes-Kaap Landbou Akademie, wat in Januarie 2026 in Clanwilliam open en opleiding in wingerdproduksie gaan aanbied.

Die velddag het nie net praktiese kennis oorgedra nie, maar ook die belangrikheid beklemtoon van geïntegreerde bestuur – van lower tot wortels, van bemesting tot droogbane.



Maak seker om nie die volgende Velddae in u area te mis nie.





Klimaatsvooruitsigte vir die lente en somer

Geskryf Deur: Johan van den Berg

Algemeen

Weer- en klimaatvoorspellings en vooruitskouings kan opgedeel word in verskillende tydskale:

- Weer- of korttermynvoorspellings (ure tot dae).
- Mediumtermyn vooruitskouings (weke tot 'n paar maande).
- Seisoenale vooruitskouings (somer- of winterseisoene).
- Meervoudige jare of seisoene ('n paar jaar tot dekades).
- Klimaatsverandering (dekades tot millenia).

Al hierdie tydskale is belangrik vir landbouproduksie maar veral vir beplanning. Hierdie verskillende tydskale gebruik verskillende tipes van voorspellingsmodelle.

Korttermynvoorspellings gebruik uitsluitlik modelle wat deur huidige atmosferiese insette gedryf word soos temperatuur, sonstraling, wind, lugvog en veral ook lugdruk.

Soos wat die tydskale langer word, is die meeste modelle meer statisties gedrewe en gebruik historiese gegewens om soortgelyke seisoene of situasies te identifiseer. Met voorspellings van klimaatsverandering word ook statistiese modelle gebruik met insette van variërende weerselemente soos gemeet oor tyd.

In die druiwe-industrie is mediumtermyn- tot seisoensvoorspellings die belangrikste want dit is waar taktiese en strategiese besluite 'n groot verskil kan maak in die kwaliteit en kwantiteit van produksie.

Een van die belangrikste voorspellers wat gebruik word vir seisoensvoorspellings is die sogenaamde ENSO-verskynsel (El Nino Suidelike Ossilasie) met die twee hoofkomponente van El Nino en La Nina.



Dit is suiwer statistiese modelle wat gebruik maak van soortgelyke seisoene en sterktes van El Nino en La Nina. Daar is ook neutrale seisoene waar nie El Nino of La Nina-verskynsels ontwikkel het nie en see-oppervlaktemperatuur rondom die langtermyn gemiddelde temperatuur beweeg.

So is dit bekend dat gedurende El Nino-neigende seisoene meer reën voorkom in die eerste deel van die somer en tydens La Nina meer reën vanaf die mid- tot laatsomer. Dit het ook 'n impak op temperatuur want tydens El Nino-seisoene is die eerste deel van die seisoen dikwels nie so warm nie maar baie droog en warm in veral die Januarie tot Maart periode. Tydens La Nina-neigende jare is die September tot November periode dikwels baie warm en droog maar koeler in die tweede deel van die seisoen wanneer daar meer reën voorkom.


Klimaatverandering speel ook 'n groot rol oor relatief korter periodes van jare tot dekades. Dit is bekend dat rypdatums in veral die Benede Oranje Rivier met tussen een en vier weke later geword het in die laaste twee dekades. Alhoewel rypdatums later geword het, is daar ook 'n tendens dat ekstreme hoë temperatuur en hittegolftoestande al hoe meer gereeld voorkom, afwisselend met skerp temperatuurdalings. Die verskille tussen ekstreme hoë en lae temperatuur word al hoe groter, veral vanaf September tot November.

Die huidige stand van La Nina

See-oppervlaktemperatuur in die Nino-gebiede is besig om koeler te word, dit wil sê dit begin meer neig na La Nina. Die waarskynlikheid dat 'n La Nina-verskynsel in die volgende maande gaan ontwikkel het gestyg van onder 50% 'n paar weke gelede tot bokant 70% in die nuutste voorspelling (Figuur 1, blou stafies). 'n Redelike vinnige maar ook vroeër ontwikkeling word verwag vanaf Oktober tot Desember 2025. Alhoewel daar ook in 2024 'n swak La Nina voorgekom het, het die ontwikkeling eers plaasgevind vanaf middel Desember. Die huidige La Nina kan ook as 'n swak ontwikkeling beskou kan word soos verlede seisoen maar die reënvalpatroon verskil vanaf die 2024/25 seisoen se patroon.

Die waarskynlikheid dat 'n El Nino-verskynsel gaan ontwikkel in die komende maande is weglaatbaar klein.

Official NOAA CPC ENSO Probabilities (issued September 2025)



Figuur 1:

Die waarskynlikheid dat La Nina (blou), El Nino (rooi) of neutrale toestande in die belangrikste Nino-gebiede gaan voorkom vanaf September 2025 tot Junie 2026



Kort- tot mediumtermyn (tot middel Oktober)

Noord-Kaap

Reënval

Baie min of geen reën word verwag vir die volgende weke nie. Daar is egter aanduidings dat tropiese vog oor Namibië suidooswaarts begin afbeweeg en het daar oor die sentrale binneland al strepe reën begin voorkom. Dit is dus nie uitgesluit dat daar wel al plek-plek reën kan voorkom nie.

Temperatuur

Heelwat frontale aktiwiteite kom nog voor vanuit die Atlantiese Oseaan. Die meeste koue fronte begin egter suidooswaarts verby die land beweeg maar daar is steeds fronte wat oor die land inbeweeg en koue lug oor veral die westelike binneland veroorsaak soos rondom 28 tot 30 September (minimumtemperature kan tot ongeveer 5°C daal oor die Noordkaap). Dit lyk egter nie asof kort- tot mediumtermynvoorspellings enige ryp voorspel vir Oktober nie maar voorspellings moet maar dopgehou word vir enige vinnige veranderinge.

Wat maksimumtemperature betref, lyk dit redelik matig tussen 25°C en 32°C tot ongeveer die middel van Oktober. Baie warmer toestande kan begin voorkom vanaf einde Oktober maar veral November. Die kans vir hittegolf toestande in die volgende weke is redelik klein tot middel Oktober.

Weskus

Reënval

Die droë toestande gaan voortduur met slegs ligte reën van minder as 5mm wat moontlik is teen die einde van September asook die tweede week van Oktober as gevolg van swak koue fronte.

Temperature

Dalings in minimumtemperature tot onder 5°C kan steeds voorkom soos rondom 28 en 29 September asook 2 tot 4 Oktober.

Maksimumtemperature gaan baie varieer tot so hoog as 36°C op 26 September en so laag as 20°C rondom 2 Oktober. Min dae waar temperature bokant 30°C gaan wees word verwag met slegs enkele dae met baie hoë temperature. Oor die algemeen gaan temperature matig wees rondom 25°C.

Geen hittegolf toestande word verwag nie.





Seisoen- en langertermynvooruitsigte

Noord-Kaap

Reënval

Met die ontwikkeling van 'n La Nina-verskynsel (soos wat tans die geval is), beteken dit gewoonlik dat die reënvalverwagtings vir die mid- en laatsomer gemiddeld tot bogemiddeld is. Daar is egter twee faktore wat hierdie voorspelling kan verander, veral vir die westelike dele van die land. Eerstens kan 'n swak ontwikkelde La Nina beteken dat die bogemiddelde reënval meer oor die oostelike dele van die land kan voorkom. Tweedens is wanneer die piek bereik word en hoe vinnig die verswakking van die La Nina is. Die verwagte draaipunt word teen Desember 2025 verwag vir die huidige seisoen.

Wat die huidige scenario betref, is die kans 50% plus dat gemiddelde tot bogemiddelde reënval kan voorkom vanaf Desember. Indien die La Nina vinnig verswak vanaf Januarie, kan dit beteken dat swakker reënvaltoestande kan voorkom vanaf Februarie maar tans is dit nog te onseker om enige waarde daaraan te heg.

Temperatuur

Maksimumtemperatuur vir die seisoen as geheel kan meer matig wees as wat aanvanklik verwag is. Daar kan egter baie hoë temperature en hittegolftoestande in die tweede deel van Oktober maar veral November voorkom.

Weskus

Reënval

Ondergemiddelde reënval word verwag vir die grootste deel van die somer. Indien die La Nina verskynsel sterker ontwikkel, kan daar egter meer reën weswaarts oor die land beweeg vanaf Desember. Die kans is egter skraal dat dit kan gebeur en word daar oor die algemeen ondergemiddelde reënval verwag.

Temperature

Afwisselende kort periodes van hoë temperature kan voorkom tot einde November. Gemiddelde tot bogemiddelde maksimumtemperatuur word egter verwag vanaf Desember.

Ander risiko's om van kennis te neem

Noord-Kaap

- Daar is 'n bogemiddelde kans dat hael en stormagtige toestande kan voorkom in veral die volgende twee maande. Koue lug word sporadies steeds uit die suide ingevoer as gevolg van frontale stelsels maar met die verwagte tropiese vog uit die noorde, kan die "botsing" van hierdie twee lugmassas baie stormagtige toestande tot gevolg hê.



- Daar is 'n baie groot vloedrisiko. Damme, riviere en spruite in die Vrystaat, Mpumalanga, Gauteng asook oostelike dele van die Noordwes Provinsie, is op baie hoë vlakke vir hierdie tyd van die jaar. Baie gronde in die opvanggebiede is steeds waterversadig en is die infiltrasievermoë baie swak. Met die verwagte La Nina verskynsel wat veral swaar reën oor die oostelike helfte van die land kan laat voorkom vanaf November, kan dit 'n baie groot risiko inhou vir vloede langs die Vaal- en Oranjeriviere.

Weskus

Watervoorsiening kan begin problematies word. Daar is aanduidings dat 'n droër siklus kan begin voorkom in die volgende klompie seisoene. Alhoewel die Clanwilliam dam se verhoogde damwal sal help na voltooiing, moet die dam eers vol kom.

Opsomming

- Die kans vir verdere rypskades is klein alhoewel die risiko nog nie heeltemal verby is nie.
- Hittegolftoestande word nie verwag in beide die produksiegebiede voor die tweede helfte van Oktober nie. Daar kan sporadiese hoë temperature voorkom tot dan maar behoort van korte duur te wees.
- Daar is 'n risiko vir reën in die produksieseisoen van die Noordkaap. Dit sal egter afhang van hoe sterk die La Nina gaan ontwikkel maar ook wanneer dit gaan verswak. Min reën behoort voor te kom gedurende die somer oor die Weskus.
- Daar is 'n groot risiko vir vloedtoestande vanaf so vroeg as November/Desember as gevolg van La Nina ontwikkeling maar ook as gevolg van min bufferkapasiteit vir water in damme en gronde.





Marktoegang, -intelligensie & -ontwikkeling



DIE VSA STEL 30% HEFFING OP SA ROSYNE



Geskryf Deur:
Wessel Lemmer

President Trump het amptelik bevestig dat die VSA vanaf 1 Augustus 2025 'n 30% heffing op alle Suid-Afrikaanse uitvoere sal toepas – insluitend rosyne. Die besluit volg op die wederkerige tarief-beleid wat in April 2025 aangekondig is.

Suid-Afrika voer jaarliks sowat 12 000 ton rosyntjies na die VSA uit met 'n gemiddelde waarde van ongeveer R485 miljoen. Alhoewel hierdie heffing negatiewe implikasies vir ons toekomstige mededingendheid in die Amerikaanse mark inhou, het uitvoere na die VSA weens die toename in die prys van rosyne reeds sedert Januarie 2025 begin afneem.

Uitvoere (ton)

2022 12 117 ton
Jan - Des

2023 10 516 ton
Jan - Des

2024 13 828 ton
Jan - Des

2025 2 504 ton
Jan - Mei

Olifantsrivier kartering



*Geskryf Deur:
Madene Conradie,
Raisins SA*

'n Groot dankie aan elke produsent wie saamgewerk het tydens die kartering tot op blokvak, van 17-22 Augustus. In totaal is sowat 2 170 ha karteer – 'n ongelooflike spanpoging!

'n Spesiale dank aan Jaco Stemmet en Wilma Isaks van PepsiCo, wie daaglikse produsente gekontak het en seker gemaak het dat niemand 'n keuse gehad het nie behalwe om in te kom en die kartering af te handel nie 😊.

Ook dankie dat ek die geleentheid gehad het om by PepsiCo te sit en karteer – dit het die proses baie vergemaklik. Geletterdheidsvaardighede, sodat hulle hul hulpbronne meer effektief kon bestuur en ingeligte besluite kon neem.

Verder sê ons dankie aan RedSun, wat ook hul fasiliteit beskikbaar gestel het sodat die werk doeltreffend afgehandel kon word.

Julle ondersteuning word opreg waardeer!

Daar is nog 'n paar los punte: vyf produsente moet nog koördinate elektronies instuur, en ongeveer 50 ha kon nie ingesluit word nie omdat produsente nie bereikbaar was nie. Hulle sal egter persoonlik gekontak word om ook hul data elektronies te stuur, sodat ons uiteindelik 'n volledige prentjie kan kry. Ons is ook bly om te deel dat sowat 200 ha se duplikasies reeds suksesvol van Agrihub verwyder is.

Hoekom akkurate data so belangrik is:

- Verseker dat Agrihub altyd op datum en akkuraat bly.
- Help met beter oesskattings, bin-beplanning, vasstelling van aanbod en markontwikkeling.
- Maak dit moontlik om data visueel te gebruik en om te sit in nuttige intelligensie.
- In die toekoms sal opdatering nog makliker geskied met behulp van AI en lugfoto's – 'n groot stap vorentoe vir doeltreffendheid.

Wat's volgende?

'n Splinternuwe dashboard is in die maak! Dit gaan al die Agrihub-data kombineer met vrugtevlug-vangdata, waterontledings (GariepWatch) en weerdata – alles netjies op een plek.

“


Ons sien uit om hierdie projek gou af te handel en die dashboard aan almal bekend te stel.

”



NB –

Onthou om asseblief jul blokdata op Agrihub in te voer die jaar wat dit GEPLANT word, en nie eers wanneer dit in drag is nie.






Transformasie



Raisins

South Africa

Jeugdag Sokkertoernooi



Geskryf Deur:
Chantelle Kotze,
Raisins SA

Die Raisins SA Jeugdag Sokkertoernooi het
Saterdag 21 Junie 2025 plaasgevind.



Hierdie opwindende geleentheid het vyf mededingende sokkerspanne van plaaslike skole en organisasies bymekaargebring, wat jeugontwikkeling, sportmanskap en gemeenskapsbetrokkenheid bevorder het.



Deelnemende instellings:

1. Carlton van Heerden Hoërskool
2. Vine Academy and Model Farm Sokkerklub (VAMF FC)
3. Saul Damon Hoërskool
4. Paballelo Hoërskool
5. A.J. Ferreira Sekondêre Skool



Raisins SA het met trots as die amptelike borg van die toernooi gedien en hul toewyding aan jeugbemaagtiging en sosiale verantwoordelikheid ten toon gestel.

Die toernooi het intense wedstryde bevat wat die talent, dissipline en mededingende gees van alle betrokke spanne uitgelig het.

Na 'n reeks sterk vertonings het Carlton van Heerden as die kampioene na vore getree en is sporttoerusting ter waarde van R6 000 toegeken.

Die span het uitsonderlike vaardigheid, spanwerk en vasberadenheid dwarsdeur die kompetisie vertoon.



“

’n Hartlike dankie aan die Vine Academy-span wat met al die reëlings gehelp het, en alle deelnemende skole en spanne vir hul entoesiasme, toewyding en sportmanskap.

”

Die Raisins SA-geborgde sokkertoernooi was ’n geweldige sukses en het ’n nuwe standaard vir toekomstige samewerking gestel. Hierdie geleentheid het nie net die gees van sport gevier nie, maar ook die belangrikheid van eenheid, gemeenskap en ’n gedeelde doel in die koestering van jong talent versterk.



Elderly Project MANDELA DAG



Geskryf Deur:
Minessa la Grange,
Raisins SA

Agtergrond en Doelwit:

Raisins SA NPC, in samewerking met Vine Academy and Model Farm en raadslid Jessica White het onlangs 'n spesiale projek in Kakamas van stapel gestuur ter erkenning van die waardevolle bydrae van bejaardes tot die ontwikkeling van die landbousektor. Die inisiatief het ten doel gehad om terug te ploeg na die gemeenskap en spesifiek erkenning te gee aan die senior burgers wat oor jare hulle tyd, arbeid en wysheid aan die landboubedryf toegewy het.



Aktiwiteite van die Dag:

Die dag is gevier in 'n warm en waarderende atmosfeer. Elke bejaarde het 'n snoesige kombes en 'n klein geskenkie ontvang as teken van waardering. Hierdie bydraes het 'n klein gebaar van dankbaarheid verteenwoordig vir hulle lewenslange werk en gemeenskapsbetrokkenheid.

Die program het bestaan uit verskeie segmente:

Gaspreekers:

- Lid van SAPD, Koll. Witbooi, het met die groep gesels oor persoonlike en gemeenskapsveiligheid. Sy insig het praktiese wenke ingesluit rakende sekuriteit by die huis en hoe om misdaad te vermy.
- Verteenwoordigers van Kakamas Hospitaal het op hul beurt gesondheidsorg na die mense gebring deur basiese gesondheidstoetse uit te voer, insluitend bloeddruk- en bloedsuikervlakmetings. Dit het waardevolle gesondheidsinligting aan die seniors gebied, met vriendelike advies en opvolgaanbevelings waar nodig.

Gasvryheid:

- Almal is bederf met 'n warm koppie sop, voorberei met sorg en liefde, wat bygedra het tot die huislike en gesellige atmosfeer van die geleentheid.



Die Elderly Project is 'n bewys van wat bereik kan word wanneer vennote saamwerk met 'n hart vir mense.



Geestelike en Sosiale Impak:

Die dag was meer as net 'n gemeenskapsprojek – dit was 'n viering van die waardigheid, geskiedenis en voortgesette waarde van die ouer persone in ons gemeenskap. Daar was sigbare dankbaarheid, glimlagte en soms tranes van blydschap. Vir baie het dit 'n gevoel van erkenning en verbondenheid gebring.

Afsluiting:

Raisins SA NPC en Vine Academy and Model Farm is dankbaar vir die samewerking en ondersteuning van plaaslike vennote, veral SAPD en Kakamas Hospitaal. Hierdie projek onderstreep die belangrikheid van intergenerasionele waardering en ons verbintenis tot gemeenskapsontwikkeling.



ABSA Finansiële Opleiding



*Geskryf Deur:
Chantelle Kotze,
Raisins SA*

ABSA en Raisins SA het hande gevat om finansiële opleiding vir kleinboere en plaaswerkers aan te bied.

Opleidingswerkswinkels was 7 en 8 Julie in Kakamas, Upington en Groblershoop aangebied. Die sessies het ten doel gehad om plaaslike produsente en werkers te bemagtig met noodsaaklike finansiële geletterdheidsvaardighede, sodat hulle hul hulpbronne meer effektief kon bestuur en ingeligte besluite kon neem.



Deelnemers het geleer oor begrotings, spaargeld, beleggingsgeleenthede en toegang tot finansiële dienste wat op hul behoeftes afgestem is.

Die inisiatief het nie net waardevolle kennis verskaf nie, maar ook 'n gevoel van gemeenskap en samewerking tussen deelnemers bevorder. Deur kleinboere en plaaswerkers met hierdie vaardighede toe te rus, hoop die program om by te dra tot die langtermyn volhoubaarheid en groei van die landbousektor in die streek.

Terugvoer van deelnemers was oorweldigend positief, met baie wat dankbaarheid uitgespreek het vir die praktiese insigte en ondersteuning. Raisins SA sien uit daarna om hierdie opleiding in samewerking met ABSA voort te sit, om te verseker dat finansiële bemagtiging 'n hoeksteen van landbousukses word.



Inligting & Kommunikasie



Kantoornuus

Bedanking van Madene Conradie



*Dit is met groot
spyt dat ons
Madene Conradie
se bedanking
met u deel.*

Madene, wat deel was van Raisins SA in die Ekonomie, Markintelligensie en Ontwikkeling en Kommunikasie-afdeling, verlaat ons na 4 jaar.

Madene was 'n waardevolle lid van ons span, en haar bydraes sedert Julie 2021 word werklik waardeer. Ons bedank haar vir haar toewyding en verbintenis gedurende haar tyd by Raisins SA.

Ons wens Madene alle sterkte toe met haar nuwe avontuur in die bankwese. Madene se laaste werksdag by die Raisins SA sal 30 September 2025 wees.

Appointment of Pieter Smith as Project Manager:

Transformation and Innovation



We are pleased to announce the appointment of Pieter Smith as Project Manager: Transformation and Innovation at Raisins South Africa, effective 1 September 2025.

Pieter brings a wealth of experience and fresh insight to this important role, and we are confident that his leadership will contribute significantly to driving innovation and supporting transformation within our organisation and the broader industry.


Please join us in welcoming Pieter to the Raisins SA team. We look forward to the positive impact he will make in his new role



Raisins

2025

Erkenning aan uitnemendheid in die rosynebedryf



Geskryf Deur:
Chantelle Kotze,
Raisins SA

Die Raisins SA Gala 2025 het onlangs plaasgevind en weer eens die kollig laat val op individue en produsente wat uitsonderlike bydraes tot die Suid-Afrikaanse rosynebedryf maak.

Van 'n jong student tot gevestigde bedryfsleiers is vereer vir hul rol in die bevordering van volhoubare produksie, innovasie en leierskap.



Landboustudent van die Jaar: Frans Burger

As deel van 'n ontwikkelingsprogram in samewerking met Hoërskool Martin Oosthuizen, is Frans Burger aangewys as die landboustudent van die jaar. Sy toewyding aan beide praktiese en teoretiese landbou-opleiding het hom hierdie eer besorg. Hy ontvang ook waardevolle geleenthede, insluitend deelname aan die Stellenbosch Universiteit se kortkursus in 2027, asook 'n beurs vir verdere studie in plantproduksie by die Vine Academy in Kakamas.



Plaaswerker van die Jaar: Frederick van Wyk

Plaaswerkers vorm die ruggraat van die wingerd- en rosynebedryf. Hierdie jaar is die toekenning toegeken aan Frederick van Wyk van die Olifantsrivier. Sy vakmanskap en toewyding beliggaam die onmisbare rol van plaaswerkers in die volhoubare produksie van kwaliteit rosyne. Frederick kon nie die geleentheid bywoon nie, maar sy mentor, Vlam Taljaard, het die prys namens hom ontvang.



Most Improved Grower: Albertus van der Merwe

Die toekenning vir produsent met die beste vordering beklemtoon hoe toegepaste boerderypraktyke werklik produksie en kwaliteit kan transformeer. Albertus van der Merwe het binne 'n kort tydperk merkwaardige vooruitgang getoon en dien nou as voorbeeld van wat moontlik is met volgehoue fokus en toepassing van nuwe tegnieke.



Vroueprodusent van die Jaar:

Alcois Blaauw

Alcois Blaauw is bekroon as die Vroueprodusent van die Jaar, 'n kategorie wat die groeiende rol van vroue in die landbou-industrie vier. Sy word beskryf as 'n mentor en rolmodel wat nie net haar eie boerdery laat uitblink nie, maar ook nuwe generasies vroue in landbou inspireer. Haar leierskapstyl toon dat visie en deursettingsvermoë geen geslag grense ken nie.

Jongprodusent van die Jaar:

Petri Swart

Die toekoms van die bedryf lê in die hande van jong produsente, en Petri Swart het hierdie jaar die kroon gespog as Jongprodusent van die Jaar. Sy ywer, innovasie en vasberadenheid om volhoubare produksie te bevorder, maak hom 'n voorbeeld van die nuwe generasie wat reeds leierskap in die bedryf toon.

Industriebydraer:

Percy Jooste

Met meer as vier dekades se betrokkenheid in die rosynebedryf, is Percy Jooste se nalatenskap diep gevestig. Van graderingsprosesse tot die ontwikkeling van standaarde wat vandag steeds gebruik word, het sy kennis en toewyding 'n blywende bydrae gelewer. Hierdie toekenning eer sy lewenslange diens en sy onskatbare rol in die vorming van die bedryf soos ons dit ken.



Samevatting

Die Raisins SA Gala 2025 het duidelik gewys dat die bedryf sterk individue het wat elkeen op hul eie manier bydra tot die toekoms van die sektor. Van jong studente tot gevestigde leiers – almal speel 'n rol in die versterking van Suid-Afrika se posisie as 'n wêreldklas produsent van hoë-gehalte rosyne.

Industrieleier van die Jaar:

Vlam Taljaard

Ware leierskap word nie slegs gemeet aan plaasgrootte nie, maar aan die vermoë om rigting te gee, samewerking te bevorder en die belange van produsente te dien. As voorsitter van 'n vinnig-groeiende streek se produsentstrukture, het Vlam Taljaard hom onderskei as 'n stil, kalm en ferm leier. Sy werk dra by tot die samehorigheid en vooruitgang van die hele industrie.





► Kommersiële Banksake

Maak Nedbank Landbou deel van jou volgende groot skuif.

Nedbank Landbou het die kennis en kundigheid om jou te lei deur die geleenthede en uitdagings wat oor jou pad kom. Ons span bied innoverende gespesialiseerde en volhoubare oplossings om jou landboubesigheid te help groei.

Dink groter. Dink Nedbank Kommersiële Banksake.

Skandeer die QR-kode vir meer inligting.



see money differently

NEDBANK

Nedbank Bpk Reg No 1951/000009/06. Gelisensieerde finansiële diens- en geregistreerde kredietverskaffer (NKRKV16). B&V's geld.



'n Blink toekoms in die rosyntjiebedryf saam met *Nedbank*

Met meer as 100 000 ton rosyntjies het Suid-Afrika se rosyntjiebedryf pas 'n rekordseisoen agter die rug, wat ons posisie in die wêreldmark vir gedroogde vrugte vir seker versterk. Maar, saam met dié sukses kom ook nuwe uitdagings wat slim beplanning en sterk ondersteuning vereis.

Vir wingerde om volhoubaar en winsgewend te bly, moet ou wingerde met jonger plante vervang word wat beter opbrengste en gehalte kan lewer. Jong wingerde dra nie net meer vrugte nie, maar is ook beter bestand teen peste en siektes, wat natuurlik goeie nuus vir die boer se sak is.

Daneel Rossouw, Hoof van Verkope vir Landbou by Nedbank Kommersiële Banksake, sê Nedbank is trots om produsente te ondersteun wat dié belangrike stap neem. 'Herplanting is duur, en daarom bied ons finansieringsoplossings wat by die seisoenale kontantvloei van boerdery aanpas.





Saam met kundige advies help ons boere om in hoë-opbrengs-kultivars te belê wat produksie verhoog, gehalte verbeter, en nuwe markte kan ontsluit.



Nog 'n uitdaging wat tans die bedryf raak is die handelsverhoudings met die VSA. Veranderinge in invoertariewe en die herstrukturering van handel het 'n direkte uitwerking op Suid-Afrikaanse uitvoere, insluitend die rosyntjiebedryf. Dit beïnvloed pryse en volumes, en dwing produsente om hul markstrategieë te heroorweeg en te diversifiseer.

Rossouw verduidelik dat Nedbank se betrokkenheid in die rosyntjiebedryf gegrond is op 'n diep begrip van die uitdagings wat produsente in die Noord-Kaap in die gesig staar. "By Nedbank Besigheid- en Kommersiële Banksake stap ons die pad saam met ons kliënte – deur elke seisoen en siklus. Die waarde wat ons bied lê nie net in finansiering nie, maar ook in ons toewyding om die geweldige druk maar ook die geleenthede te verstaan en ons kliënte deur dit alles te ondersteun."

Ons glo nie in standaard finansiële produkte nie. Elke oplossing word saam met die kliënt volgens hulle unieke behoeftes, waardekettings en volhoubaarheidsdoelwitte ontwikkel. Daarom het ons, in reaksie op beurtkrag en stygende energiepryse, 'n sonkragfinansieringsprodukt ontwikkel wat produsente in 'n neutrale kontantvloeioposisie plaas. Produsente kan dus hulle eie energie opwek sonder om hul bestaande kontantvloei te benadeel.

Nedbank glo ook dat volhoubare groei op vennootskap, vindingrykheid en finansiële insig gebou word. Daarom werk hulle nou saam met Raisins SA, plaaslike produsente en ander rolspelers om praktiese, volhoubare en aanpasbare oplossings te bied.

As deel van hierdie samewerkingsbenadering nooi Nedbank alle rosyntjieprodusente hartlik uit na die Nedbank Raisins SA Symposium op 31 Oktober 2025 by die Vine Academy in Kakamas. Die tema is Smart Strategies and a Grape Future for SA! Ons gaan gesels oor die toekoms van die bedryf, wat tegnologie, finansiering, energie en marktoegang insluit. Die simposium is 'n waardevolle platform om kennis te deel, strategiese gesprekke te voer en nuwe verhoudingsnetwerke te bou, en ons sien uit om jou daar te verwelkom.



NEDBANK

Kies 'n bank wat jou landboubesigheid verstaan en oplossings bied wat saam jou kan groei.

Vir meer inligting, skakel

Pieter van Baalen by 072 627 3950

of stuur 'n e-pos na

pietervanbaalen@nedbank.co.za

Dink groter. Dink Nedbank Kommersiële Banksake.

Raisins | SIMPOSIUM

South Africa | 2025



Save the date

OKTOBER

VRYDAG

31

09:00-17:00

Vine Academy and Model Farm, Kakamas

HOOFBORG




NEDBANK





Program



Daneel Rossouw, Nedbank:

Ervare en gefokusde finansiële beplanning om produksie-effektiewiteit op die plaas te verhoog.



Stefan Jordaan, VAMF:

Geleenthede en uitdagings in die produksie van rosyne vir die uitvoermark.



Fritz Bekker, Gariep Watch:

Herklassifisering van die benede Oranjerivier.



Charl Koortzen, Frudata:

Padkaart na winsgewende rosynboerdery.



Johan van den Berg:

Effek van klimaatsverandering op riviervloei en weervoorsigte vir 2026.




Stefan Jordaan, VAMF:

New varieties for a "Grape" Future of Raisin Production



Netafim:

Besproeiingsdoeltreffendheid.



Dr Trevor Koopman, LNR:

Herklassifisering van die benede Oranjerivier.



Raisins

South Africa



SIMPOSIUM 2025

Program



CORTEVA
agriscience

Ane Loggenberg, Corteva

GF-120 Grondspatte



**Oriental fruit fly quarantine,
Department of Agriculture:**

- **Mr. Godfrey Makhubele and Emily Munganga:**
Current status of Oriental fruit fly quarantine and fruit fly measures in SA
- **Charles Nengovhela:**
Regulatory frameworks and compliance expectations
- **Dr. Rendani Muluvhu and Ms. Julie Mokwele:**
Government support and collaboration opportunities for industry

BUTESESSIES:



Dawie du Plessis, Agricol:

Praktiese Implementering van Dekgewasse en die voordele daarvan.



**Dr Andries Daniels en Abraham Vermeulen,
VAMF**

Proewe Toer



AFSLUITING:

Skemerkelkie in die wingerd



Carrot cake with raisins

By: Sam Linsell, Drizzle and Dip

This is a deliciously moist carrot cake that is not overly sweet and has just the right amount of spice.



The cream cheese frosting is the perfect way to finish this cake off. Roasting the pecan nuts before is a game changer and gives them a lovely crunchy texture. You can roast a few extra to decorate the cake or alternatively walnuts look very attractive as a garnish.

Cake Ingredients:

- 1 cup pecan nuts, roasted and roughly chopped
- 1 cup densely packed (200gm) dark brown sugar such as demerara or muscovado
- ½ cup (100gms) white granulated sugar
- 4 large free-range eggs
- 1 cup (250ml) sunflower oil
- 1 tsp vanilla extract or essence (optional)
- 1 cup (250ml) crushed pineapple drained from tin (432gm tin/net weight 281gm)
- 2 cups (500ml) grated carrots (half finely grated and half coarsely)
- ½ cup raisins or sultanas presoaked in boiling water and then drained
- 2/12 cups cake or all-purpose flour (312gms)
- 3 tsp mixed spice
- 1/2 tsp cinnamon
- ½ tsp ground ginger
- 1 tsp salt
- 2 tsp baking powder
- 1tsp bicarb (baking soda)



Cake Instructions:

- Heat the oven to 150C/300F and spread the pecan nuts on a baking tray. Roast for 7 – 8 minutes until toasted. Allow to cool.
- Turn the oven up to 180C/350F and line 2 x 23cm (9inch) springform cake tins with baking paper.
- Using an electric mixer, beat the two sugars, until fluffy. Add the oil and vanilla extract and continue to beat until well combined.
- Fold through the drained crushed pineapple, grated carrots, presoaked and drained raisins until well mixed.
- In a separate bowl, sieve all the dry ingredients twice and then fold this through the wet cake batter until well incorporated.
- Divide the batter equally between the two cake pans and bake for 35 – 40 minutes. The cake is done when a sharp knife is inserted into the middle and comes out clean. Loosely cover the cakes with tin foil from about 25 minutes if necessary and to prevent over browning.
- Allow the cakes to cool in the pans on a cooling rack. They should be completely cool before icing/ frosting them.

Cream cheese frosting Ingredients:

- 200gms butter at room temperature
- 1350gms icing sugar
- 3Tbsp milk
- 1 tsp vanilla extract
- 230gm-250gm cream cheese (a solid kind)

Frosting Ingredients:

- It's very important to prevent the cream cheese from slitting or become too runny that you only add it right at the end and do not over mix it.
- Using an electric mixer, beat the butter, icing sugar, milk and vanilla until pale and fluffy, about 4 – 5 minutes. At this point you cannot overmix the frosting and beating it for a longer time makes it softer and more fluffy.
- Add the chilled cream cheese and mix very briefly and only until it is incorporated and smooth.





Kalender

**Tentatiewe datums wat steeds kan verander*

Oktober 2025

Raisins

South Africa

SUNDAY	MONDAY	TUESDAY	WEDNESDAY	THURSDAY	FRIDAY	SATURDAY
28	29	30	1	2 SAPO: WVV Tegniese komitee	3 SKOOL SLUIT KWARTAAL 3	4 ANUGA
5 ANUGA	6 ANUGA	7 ANUGA	8 ANUGA	9	10	11
12	13	14 AgriSA: Congress	15 AgriSA: Congress	16 AgriSA: Congress	17 AgriSA: Congress	18
19	20	21	22	23 TEGNIIESE komitee	24	25
26	27	28 TransCom	29	30 RSAMF	31 SIMPOSIUM: VAMF	1

BELANGRIK

NOTAS

VAKANSIEDAE



Raisins

South Africa

Databasis

Vir 'n bedryf om optimaal te funksioneer, is dit van kardinale belang dat alle lede so goed ingelig moontlik is.

Verskeie platvorms word gebruik om inligting te versprei, met die twee vernaamste metodes e-pos en WhatsApp groepe.

Indien u slegs e-posse ontvang en ook op 'n WhatsApp groep wil wees, of omgekeerd, kontak asseblief vir



Chantelle epos



082 596 8179



NOTA

Indien u kontakbesonderhede verander, of indien u miskien weet van 'n rosyneprodusent wie nie inligting ontvang nie, sal dit hoog op prys gestel indien u die inligting aan Raisins SA kan deurgee.



Kontak ons

Groenpuntweg 9, Kantoor 1, Keidebees • 054 495 0283 • www.raisinsa.co.za

Wessel Lemmer

Chief Executive Officer



wessel@raisinsa.co.za



+27 71 354 2948

Minessa la Grange

Financial Management and Governance



minessal@raisinsa.co.za



+27 82 827 7436

Natascha Hamman

Finance, Operations and Administration



nataschah@raisinsa.co.za



+27 83 701 1226

Pieter Smith

Project Manager:
Transformation and Innovation



pieters@raisinsa.co.za



+27 83 236 2271

Chantelle Kotze

Brand, Media, and
Stakeholder Engagement



chantellek@raisinsa.co.za



+27 82 596 8179